



# trinitas

## 1 Verlos

*Baie welkom by Trinitas!*

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.*

*Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

**SONDAG, 12 NOVEMBER 2017**

Welkom aan ds. Maarten van Helden wat die oggenddiens lei.

**OGGEND 09:00**

**GOD GLIMLAG OOR SY KINDERS**

**Skriflesing:** Sefanja 3:14-20

Die Engelse lied wat oor hierdie teks geskryf is, lui: "*God rejoices over you with singing*"! Dit is die vertaling van die laaste woorde van vers 14 "Hy jubel oor jou". Dit klink so vreemd dat God oor mense sing en juig. Vir Luther was dit ook 'n vreemde gedagte, omdat hy grootgeword het met die idee van 'n regverdige God wat sonde straf. Die enigste manier hoe jy daarvan kon vrykom, was deur boetedoening nadat jy jou sonde bely het (vryspraak deur die priester nadat jy gaan bieë het). Dan moes jy ook nog aflate betaal en dan moes jy dit daarna net nie wéér doen nie! O weë!

Wat is jou prentjie van God? Net lief en mooi? Of net hard en onvergeeflik? Kyk bietjie na die pragtige beskrywing van Sefanja in vers 14. En dit sê Hy aan sondaars! Sondaars soos ek en jy!

**AAND 18:00**

**GEHOORSAME KINDERS TEENOR GEHOORSAME OUERS**

**Skriflesing: Romeine 13**

Middel Oktober het die wet op lyfstraf in Suid-Afrika verander – Ek word as misdadiger beskou wanneer ek my kind "dissiplineer".

Is dit nog moontlik om jou kind te dissiplineer en in dieselfde asem ook gehoorsaam te wees aan die regering wat God daar gestel het?

Kom gesels vanaand saam oor gehoorsaamheid aan die owerhede.

Preke beskikbaar in klank en teks by: [www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)

## PROGRAM VIR DIE WEEK

### Vanoggend

Ouderlingvergadering na die  
oggenddiens

### Dinsdag, 14 November

Lotuslanders-byeenkoms

Bybelstudie 18:30

Bybelstudie 19:00

### Woensdag, 15 November

Bybelstudie 09:00

Verwelkomingsinligtingsaand 18:30

### **SONDAGAANDE: 4E KWARTAAL**

Datum	Geleentheid
Vandag	Aandbyeenkoms
19 November	Aandbyeenkoms
26 November	Nagmaal



facebook.com/GKTrinitas



## 2 Familie

### LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Hartlik geluk aan Hans en Henda Suurd, en Pieter en Maureen van Helden met die doop van hul babatjies vanoggend. Geluk ook aan die grootouers.
- Hestie Venter ☎0836498372 was die afgelope week in die hospitaal met galstene. Sy is Donderdag ontslaan.
- Wilna Wiesner ☎0823254779 sterk tuis aan na haar kaakrekonstruksie-operasie.
- Doris Coetzee ☎0828205604 sterk tuis aan na haar voetoperasie.
- Lynette en Stephan Nel ☎0837020026 wil graag vir Jenny Pieters, Johanna Broersma en Ansie Hohls baie hartlik bedank vir die kos wat hulle voorsien het na Lynette se operasie.

Ons bid vir alle ander lidmate wat met siekte en swakheid worstel.

**Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.**

### VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

12/11	Wimpie Grobler	☎0824418490
13/11	Sina Coetzee	☎0763149616
13/04	Jason Greeff	☎0169824318
13/11	Letitia Nieuwoudt	☎0825640218
13/11	Daan Nortjé	☎0828949066
14/11	Elaine Coetzee	☎0715367327
14/11	Kian Moolman	☎0828592186
15/11	Eric Kuschke	☎0169333050
16/11	Bertus van Rooy	☎0828592904
17/11	Annatjie Bouwer	☎0726680331
17/11	André Moolman	☎0828592186
17/11	Gert vd Walt	☎0824812978
18/11	Cherise Bloem	☎0824515375
18/11	Petra Tromp	☎0823316151

18/11	Karin Whiteman	☎0837708096
-------	----------------	-------------

### SPESIALE VERJAARSDAE

Geen.

### HUWELIKSHERDENKINGS

14 Nov.	George en Letitia Nieuwoudt ☎0825640218	36 jaar
15 Nov.	Willie en Sandra Muller ☎0724065395	3 jaar

### SPESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)

*Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.*

### NUWE LIDMATE

Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en vul asb. die 'Nuwe lidmaatvorm' by hom in.

### BYBELSTUDIES

**Dinsdae om 18:30.** Stinkhoutsingel 18  
(Christa Snyman ☎0798779882).

**Dinsdae om 19:00.**

**Woensdae om 09:00** by die kerkgebou.  
(tensy anders per SMS gekommunikeer)

### VERJAARSDAGTEE

Die volgende Verjaarsdagtee vind in 2018 plaas. Groete: Gasvryheid-diensgroep.

## 3 Dienskneg

### ORRELBEGELEIDING

09:00 – Nannes vd Walt

### OUDERLINGE AAN DIENS

Jacob Tromp, Fanie vd Merwe

### DIAKENS AAN DIENS

Lieke Visser, Marie Oliver

### KOSTER AAN DIENS

Elsa Prinsloo

### KOLLEKTES

#### Onder die erediens vir Diakonale Kas

12/11 – Transoranje Instituut

19/11 – Instandhouding van erediens

### DATABORDDIENS

Behartig deur die Tegniese span.

### GEHOORAPPARATE

Gehoorapparate kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

### TEESKINK

Vanoggend skink Anne-Marie Snyman se groepie. Sondag 19 November skink die Gasvryheidsgroep en die Voorbelydenis= klas. Harriet Labuschagne ☎0833047499 is die sameroeper van die diensgroep.

### MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)

Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

### DIENSGROEPE

Agter in die saal, langs die welkoomtoonbank, is daar plakkate met al die huidige diensgroepe van Trinitas. Kyk gerus daarna en kontak die sameroeper van die groep waarby jy geroepe voel om betrokke te raak.

# Nagmaal-diensgroep

## Doel van die diensgroep

- ✓ Om te verseker dat die Nagmaal goed verloop tot geestelike opbou van die Trinitas-familie
- ✓ Om die Nagmaalsondag as 'n gereelde Trinitas familiedag te gebruik deur middel van 'n lekker familie-ete saam die dag

## Bedieningsgeleenthede

- ✓ Voorbereiding van nagmaaltafels
- ✓ Bedien Nagmaal tydens eredienste
- ✓ Opruim van nagmaaltafels
- ✓ Help met beplanning van familie-etes
- ✓ Voorbereiding van familie-etes
- ✓ Opruim na die familie-ete



Koördineerder:  
**Marie Oliver**

Tel: 082 411 9783

## KOSPAKKIE DIENSGROEP

### Desember-kospakkie benodighede:

Lekkergoed en koekies.

### Kruideniersware benodig:

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop (**plaas skenkings in die groot houer in die saal**): Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakedbeans, tomatie- en uiesmoor, pakkies sop, rys, blikkies gemengde groente, koekie Sunlight seep, toiletseep, toiletpapier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. Baie dankie. Indien jy graag wil help om eenkeer per maand die kruideniersware-pakkies te pak, kan julle gerus jou naam deurgee aan

die kerkkantoor of Jolani Lourens

☎0823359586.

## SIEKEBESOEK DIENSGROEP

Indien jy belangstel om deel te word van die siekebesoek diensgroep, kontak gerus vir James en Toetie Terblanche ☎0825723328, 0718721741 of 0169823565. Baie dankie aan almal wat so getrou siekebesoek doen.



## JEUGBEDIENING

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag 15 Oktober:

**Graad 1 – 3**

EENHEID 6: EK LEEF MY GELOOF UIT

**Graad 4 – 6**

## EENHEID 6: REIS SAAM MET JOSUA

### Graad 7 – 9

EENHEID 4: BEREIK JOU WÊRELD

EENHEID 5: LIEFDE, SEKS EN UITGAAN

### Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)

Dankbaarheid


*Alle jeugleiers gaan so ver moontlik volgens die beplanning werk. Indien daar ander reëlins is, sal dit aan die jeug in die betrokke grade deurgegee word. U as ouer word versoek om aktief betrokke te wees by u kind se opdragte en die temas kan ook gebruik word tydens gesinsbybelstudie. Die graad 11 jeug het 'n volledig uitgewerkte lesrooster, maar dit word nie geplaas in die nuusbrieff nie, aangesien hulle daarvan mag afwyk. Dit sal wel goed gekommunikeer word op hulle WhatsApp groepe. **Jeugkleingroepe vir Graad 7 – 11 sal Sondag om 16:30 plaasvind.***

### KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Kinders vanaf 2-9 jaar is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Die kinders word in drie groepe verdeel en begelei. Ons versoek dat ouers van 2-3 jariges asseblief die klas saam met hul kinders moet bywoon indien moontlik. **Ons benodig meer mense om te help!** Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens voor in die kerkgebou met Petra Tromp kom gesels. Kontak gerus ook vir Petra ☎️0823316151 met enige verdere vrae en voorstelle.

### Handelinge 9

**God verander Paulus se hart**



## Die HELPER

**DIE HELPER** is 'n diens wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakke of bejaarde lidmate, en vir enkelopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Theuns Odendaal ☎️0832561387.

### VERSPREIDING VAN KLERE

Kontak Jan van der Westhuizen ☎️0844890144 indien u wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang.

### DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes. Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

**4** Gestuur

**EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS**

Philip Snyman ☎0834681035,  
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of  
Christa Snyman ☎0798779882.

### **ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR**

Kontak: Gert Visser ☎0834491036  
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no.  
9055971748



#### **Kontakpersoon:**

Hardus Visser  
☎0828215642

### **Ons benodig die volgende items (tweedehands ook welkom) vir die Deurgangshuis:**

Kisvrieskas, wasmasjien en tuimeldroër.  
Baie dankie. Hardus.

### **MANNE-OGGEND**

Vrydae se Manne-oggend het afgesluit vir  
die jaar. Dit begin weer DV Februarie  
2018. Gert Visser ☎0834491036.

### **LOTUSLANDERS-BYEENKOMS**

Die Lotuslanders hou op Dinsdag, 14  
November piekniek by Suikerbosrand.  
Bring jou eie piekniekmandjie saam. Die  
kombi vertrek om 09:00 vanaf die  
kerkgebou. Babsie Jacobs ☎0836505227.

### **HERWINNING**

Die Here stuur ons om sy skepping op te  
pas om Hom ook so vir die wêreld wys.  
Kom laai gerus jou sak herwinbare  
materiaal by die herwinningsarea af  
tydens kantoorure of Sondag voor en na  
die eredienste. Daar is 'n werker wat dit  
uitsorteer.



**ALGEMEEN**

### **BELANGRIKE DATUMS VIR NOVEMBER**

Vandag. Ouderlingvergadering  
14 Nov. Lotuslanders-byeenkoms  
15 Nov. Nuwe intrekkers funksie  
19 Nov. Belydenisaflegging en Diakoniev-  
vergadering  
26 Nov. Nagmaal (09:00 en 19:00)

### **GKSA NUUS**

#### **OP DIE KENNISGEWINGBORD**

- Geopende Deure
- GK Jeugkatoornuus
- Cross Courier: GKSA tydskrif (Engels)
- FEBA Radio
- Frankfort Riviertoe
- Eerstejaarskamp 2018 GK Stellenbosch
- Eerstejaarskamp 2018 GK Brooklyn
- Eerstejaarskamp 2018 GK Cachet en  
Die Bult
- Jan Kriel Nuusbrief

### **Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.**

#### **KRUISPAD**

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA  
(www.kruispad.net). Stuur 'n e-pos aan  
kantoor@kruispad.net indien jy wil  
inteken of 'n artikel wil skryf.

#### **KLEIN ADVERTENSIES**

- Indien jy werk benodig of wil aanbied,  
kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir  
plasing in die nuusbrief.
- Laerskool, graad 8 en graad 9 Wiskunde  
klasse. R150 per uur. Elizma Powell  
☎0792904140.
- Theuns Odendaal ☎0832561387  
verkoop hoenders, lam-, skaap-, bees- en  
varkvleis. Kontak hom gerus vir pryse.
- KUNSKLASSE graad 8 – 12

Het jy 'n passie vir kuns? Kom raak deel van 'n kreatiewe omgewing! Kontak Rineke Visser 071 877 8260.

- Gerhard du Plessis ☎0658055245 benodig werk. (Nutsman, ongekwalifiseerde sweiser en 'boilermaker')
- Vakansieweek beskikbaar. Castleburn Resort, Suidelike Drakensbergde. 13-17 November. R4 182 in totaal vir 4 nagte, plek vir 6 persone. Nannes vd Walt ☎0833041841.

### FRANKFORT RIVIERTOER 2017

**29 November – 3 Desember**

- **Waar:** Plaas Zorgvliet – Tweeling distrik naby Frankfort
- **Wanneer:** 29 November 2017 – 3 Desember 2017.
- **Wie:** Hoërskoolleerders (Gr. 8-12)
- **Koste:** R770 per kind
- **Hoe:** Inskrywingsvorm te kry by Trinitas kerkkantoor
- **Tema:** Strome ...

**Kontak ook vir ds. Peter vir meer inligting of kyk op die kennisgewingborde**

### TRINITAS-BOEKHOEK

Neem gerus van die boeke agter in die saal om by die huis te lees en bring dit weer terug wanneer jy klaar is daarmee. Franciska vd Merwe ☎0827818032.

### AFLOSKOSTERPOS

Die afloskosterpos is steeds beskikbaar. Indien jy belangstel, kontak Gerrit van Wyk ☎0823328550.

### KONTAKBESONDERHEDE

Indien jou e-posadres, telefoonnommer of straatadres verander het, gee dit asb. deur aan Elsabé by die kerkkantoor ☎016925017 sodat die lidmaatregister opgedateer kan word.

#### KONTAK ONS

[www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)



GKTrinitas

**Kerkkantoor:** Elsabé Muller

☎0169825017 / 0724874258

kantoor@gktrinitas.co.za

Faks no.: 086 219 5728

**Skriba:** Gerrit van Wyk 0823328550

**Koster:** Elsa Prinsloo 0794778699

**Afloskoster:** VAKANT

**Orrelis:** Nannes v.d. Walt 0833041841

**Bankbesonderhede van kerk:**

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark

Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

**Diakonie bankbesonderhede:**

ABSA Tjekrekening 530340457

**Predikant:** Peter Venter

☎0797338778

peter@gktrinitas.co.za



## **NAGMAAL-AANSOEKE IN TRINITAS**

Ons wil baie graag hê dat Nagmaal die inspirerende en versterkende geleentheid vir elke Christen sal wees waarvoor Jesus Christus dit bedoel het: Om die evangelie prakties te kan sien, weer saam daarvoor bly te wees en bemoedig te word om met nuwe toewyding Jesus te volg as sy dissipels! Dit is daarom ook verder logies dat mense wat nie as belydende Christene sy dissipels is nie, nie Nagmaal kan gebruik nie. Ook mense wat hulself Christene noem, maar nie omgee om Jesus te volg nie en steeds hardnekkig in sonde volhard, kan nie aan Nagmaal deelneem nie. Party kerke gee nie werklik oor hierdie dinge om nie en het 'n 'oop' Nagmaal wat beteken dat enige persoon/besoeker Nagmaal kan gebruik. Ons gee wel om hieroor en het nie 'n 'oop' Nagmaal nie. In ons kerkverband (die GKSA) is Nagmaal net 'oop' vir mense van buite ons gemeente wat al hul geloof van gereformeerde aard openlik in 'n kerk bely het én van wie daar getuienis is dat hulle Jesus werklik met hulle lewens volg (Kerkorde Art 61). Dit is ons kerkraad se verantwoordelikheid om, sover dit moontlik is, hierdie getuienis na te gaan. Ons wil dit ook met wysheid doen en nie in liefdeloosheid God se kinders wegwys deur slaafs net wette te volg nie.

Die volgende kriteria geld dus tydens toelating tot Nagmaal by Trinitas:

- Lidmate uit ander gemeentes van die GKSA of ander gereformeerde kerke met wie die GKSA formeel bande kan het, kan by die kerkraad aansoek doen om saam Nagmaal te vier. Daar moet getuienis wees van hul lidmaatskap, asook van hulle lewenswandel.
- Lidmate van kerke buite hierdie kring kan ook met erkende getuienis (oor hul belydenis en lewenswandel) deur die kerkraad toegelaat word.

*Nagmaal is dus nie oop vir enigeen om op die ingewing van die oomblik te kom deelneem nie. Daarom gee ons hieronder die volgende riglyne.*

Indien jy vriende/familie het wat nie lidmate is nie en saam Nagmaal wil vier, vra ons:

1. Dat jy vooraf sy/haar voorneme aan 'n ouderling of die predikant bekend sal maak.
2. Dat jy sal vra dat so iemand een van die volgende *vooraf* sal doen:
  - a. 'n brief van getuienis vanaf sy/haar kerk sal laat aanstuur waarin die Nagmaalviering aanbeveel word;
  - b. of kontakbesonderhede van sy/haar plaaslike predikant/ouderling sal voorsien;
  - c. of ten minste 'n geleentheid sal help reël waartydens die wese van Nagmaal deurgepraat kan word met daardie persoon – saam met ons ouderlinge en/of predikant.
3. Hierdie aansoek moet op die heel laatste *vier dae* voor die betrokke Nagmaal (tipies die voorafgaande Woensdag) aan ons kerkraad bekend wees. Dit sal verseker dat daar genoegsame tyd is om op te volg indien daar verdere inligting oor die getuienis benodig word.
4. Indien die persoon 'n lidmaat van 'n Gereformeerde Kerk is, kan daar egter steeds met die nodige getuienisbrief die Sondagoggend voor Nagmaal aansoek gedoen word.
5. Die Kerkraad sal dus nie sonder genoegsame getuienis enige Nagmaal-aansoeke aanvaar nie. Ons hoop jy verstaan hoe ons Nagmaal-aansoeke werk, veral hoekom dit so werk en dat jy dit ook só vir jou gaste kan verduidelik. Ons wil regtig graag hê dat Nagmaal nie ongelukkigheid moet veroorsaak nie, maar op 'n verantwoordelike manier, met die grootste moontlike betekenis van groot waarde vir almal sal wees.